DIE HOËRSKOOL WONDERBOOM
ERKENNINGSBALKIES: BELEID

1. DOEL:

Die erkenningsbalkies (‘n goue plaatjie met bottelgroen gravering) is ingestel om aan alle leerders wat aan ‘n aktiwiteit deelneem, ongeag die span of prestasie behaal gedurende die jaar, sigbare erkenning te gee vir deelname.

2. PROSEDURE:

1. Slegs afrigters/organiseerders van die aktiwiteit of span kan balkies bestel, sodat kontrole uitgeoefen kan word wie watter balkies mag dra. Sien bestelvorm aangeheg.
2. Alle bestellings moet kontant betaal word alvorens enige bestelling geplaas word. Leerders betaal self vir hierdie balkies, maar staan onder geen verpligting om dit te koop nie.
3. Die bewoording op die balkie moet ‘n jaartal insluit. Leerders word toegelaat om SLEGS balkies van die vorige jaar te dra totdat die nuwe seisoen/aktiwiteit begin, dan moet die vorige jaar se balkie vervang word met die nuwe jaartal en die ou balkie moet verwyder word.
4. Geen leerder word toegelaat om enige ander balkies behalwe dié soos deur die skool goedgekeur op baadjies te dra nie.
5. Al die balkies word by dieselfde verskaffer aangekoop (huidiglik Olympia Trophies) wat dit volgens goedgekeurde spesifikasies maak.
6. Graad 12 leerders het die spesiale vergunning om ‘n naambalkie waarop “Matriek 20..” (die jaartal) verskyn, te dra. Hulle word ook toegelaat om ‘n unieke naam te laat aanbring, indien dit in goeie smaak is!
7. Hierdie balkies vervang nie die KLEURBALKIES van die skool wat vir HALF- EN EREKLEURE toegeken word en wat op die baadjie vasgewerk word nie.

GOEDKEURING

AANBEVEEL DEUR SKOOLHOOF: (naam en van)	MNR MARIUS LEZAR	**HANDTEKENING:**	
DATUM:			
GOEDGEKEUR DEUR BEHEERLIGGAAM-VOORSITTER: (naam en van)	MNR GM JANSEN VAN RENSBURG	**HANDTEKENING:**	
DATUM:			

GEKONTROLEER DEUR GDO: (naam en van)		**HANDTEKENING:**	
DATUM GEKONTROLEER:			
GESERTIFISEER DEUR: (naam en van)		**HANDTEKENING:**	
DATUM:			